

# St. Niklaas van Flüe

## 21 Maart

(1417-1487)

Hy is die beskermheilige van Switserland en word beskou as die geestelike vader van Switserse onafhanklikheid. Dit was by hom dat die Switserse kantons om raad kom aanklop het toe hul brose konfederasie deur onderlinge geskille en twis op die punt was om te verbrokkel. Hy was 'n ongeletterde kleinboer, 'n getroude man met tien kinders wat op sy diepgelowige manier altyd geluister het na die roepstem van God. Dit het hom daartoe gelei om sy tuiste en gesin te verlaat en as eensame kluisenaar in die berge te gaan woon. Vir meer as negentien jaar het hy die helfte van die nag en dag in gebed deurgebring en smiddae die tallose mense te woord gestaan wat hom om raad en voorbidding kom vra het.

© Die Oratorium Uitgewery